Vaarwel aan

Meer Ds J. J. Hasserpall

Comodoro Rivadavia

18 July 1930

Chubut Argentina

Aan Mevr. Ds J. J. Wassenaar

Geagte Vriendin,

Dis met innige spyt dat ons moet afskeid neem van U en dat U verblyf onder ons verkort is.

Egter ons is baie dankbaar vir die groot opoffering wat U gemaak het om hier heen te kom en vir die nog groter opoffering om twee jaar onderwys te gee aan die kinders die dit zoo hoog nodig het; ook vir U gewillige hulp en bystand en alle sake aangaande die Bond. Dit is nie slegs dat ons afskeid neem van U nie maar dat U plek nie lig kan gevul word deur enige ander persoon nie. Die opoffering deur U gemaak sal seker herinneringe hê vir baie jare in ons klein gemeente hier in Chubut.

Dus wil ons namens die N.G.V. Bond ons gewesene Presidente 'n klein geskenk aanbied en hoop dat wanneer Sy in Afrika weer in haar eie huis, en onder haar eie mense is daar by haar ook aangename herinneringe sal wees van haar vriendinne en susters hier in die moeilike vreemde land. Ons hoop dat U en

Estelle 'n voorspoedige reis sal hê, en veilig in ons ou Vaderland sal aankom. Verder vertrou ons U aan die sorg van die Here toe, soodat wanneer U dierbare eggenoot na verloop van sy dienstyd hier ook terug keer na Suid Afrika, hy U en Estelle nog in veiligheid en gesondheid weer sal ontmoet.

Gods rykste seëninge U toe-wensende. Bly ons U getroue Vriendinne en susters. Namens onsself en die N. G. V. Bond.